HEFSIBA NUUSBRIEF VAN KRUGER EN ANTOINETTE

Augustus 2008

Liewe Vriende,

Dis Olimpiese Spele en wat 'n skouspel is dit nie! Ons was bevoorreg om by Petria Theron na die openingseremonie te kyk en ons net te verwonder aan die tegnologiese vaardighede en organisatoriese presiesheid van die Chinese. Stefan Joubert skryf in sy kommentaar op Rom 6:8-11 "Die wenstreep word nou ons vertrekpunt. Ek spring nie elke dag soos 'n atleet weg wat eers oor 'n lang lys sondes moet spring voor ek begin wen nie. Ek begin elke dag by die wenpaal, waar Jesus staan. Saam met Hom hardloop ek heeldag die oorwinningsrondte" Mooi né? Welkom saam met ons op die oorwinningsrondte – waai maar met oorgawe en vreugde die kruisvlag! Onthou maar net om die oë nog steeds op ons Afrigter te hou en nie te veel vir die skare te waai en te spog by die pers oor **jou** oorwinning nie!

DIE LAASTE RONDTE

Ek en my "cara metade" (gewaardeerde anderhelfte), is besig om ons laaste rondte te hardloop hier op HEFSIBA voordat ek met studie- en vakansieverlof gaan – en die wind is teen ons! Dit bars maar om by alles uit te kom en te reël voor ons op 29 Augustus die vlug vanaf Lilongwe (Malawi)neem na Suid-Afrika. Die 3de September vlieg ons na ons seun Johann in Ierland waar ons saam met hom en ons dogter Anchen, gaan toer, o.a. ook in Skotland. By ons terugkeer gaan ons ons dan terugtrek in Parys aan die walle van die Vaal waar ek dan voortgaan met my navorsing oor kurrikulumontwikkeling. Ons sluit weer DV die tweede semester van 2009 by die personeel van HEFSIBA aan. Ons beplan om in kontak met HEFSIBA en julle te bly - die fondsinsameling veldtog gaan voort!

DIE PAD VORENTOE

Hierdie naweek ons groot beplanningsvergadering gehad. Interessante voorstelle is ingedien en wat nou finaal goedgekeur moet word.

PERSONEEL AANSTELLINGS

- Ek bly die Akademiese Direkteur en die Direkteur van die Departement Praktiese Teologie en Missiologie
- Dr. Petria Theron word aangestel in die nuwe pos van Direkteur van die Fakulteit Menslike Wetenskappe
- Ds. Aaron Muswubi word die nuwe Direkteur van die Fakulteit Teologie en bly die Direkteur van die Departement Bibliologiese vakke
- Ds. Samuel Matunda word die Direkteur van die Departement Ekklesiologiese vakke
- Ds. Manasse Matequele word die Direkteur van die Departement Dogmatologiese vakke en Etiek

- Ds. Miguel Nobre word voltydse dosent en sal die volgende vakke aanbied: Leierskap, Bestuur en Portugees. (Dit beteken ons het ‘n vakature vir die tesourierpos en fondse moet gevind word daarvoor)
- Ons skep ‘n pos vir ‘n voltydse dosent in Engels – fondse moet gevind word - enige belangstelling?

NUWE FAKULTEITE EN KURSUSSE

‘n Sekere dr. Kenneth Turnbull, ‘n Amerikaanse sendeling, moedig ons aan om te beweeg in die rigting van ‘n Christelike Universiteit. Die volgende is as ons droom geidentifiseer:

- Te begin met 2 nuwe fakulteite in die toekoms nl. ‘n Fakulteit van Landbou en ‘n Fakulteit in Bestuur en Boekhou. Ds. Miguel Nobre voer volgende week samespekings met dr Ken in Nampula, Mosambiek oor die pad vorentoe.
- Daar is ook besluit om te begin met ‘n elektroniese korrespondensiekursus in Teologie vir mense in Portugees-sprekende wêreld. Petria en Aaron gaan die grondwerk doen.

PROJEKTE

Die volgende projekte is geidentifiseer vir 2009:

- ‘n Groot fotostaatmasjien
- Die uitbreiding van die huis van Petria Theron
- ‘n Garage met ‘n stoorkamer vir ons trekker en sleepwa (en ons hoop nie te ver in die toekoms nie, ‘n bus – sien onder)
- Die opgradering van die HEFSIBA gastehuis
- Die boor van ‘n gat vir water
- ‘n Taallaboratorium
- Die koop van ‘n groot 30 sitplekbus
- Die bou van ‘n ekstra personeelhuis
- Die uitbreiding van die huidige Rekenaarsentrum

Dui gerus met ‘n regmerkie aan waar jy, jou gemeente, besigheid of organisasie graag ‘n bydrae wil maak in 2009!

FINANSIES

Daar is met groot dankbaarheid teenoor God, ons donateurs en buitemuurse studente, kennis geneem van die gesonde finansiële posisie van HEFSIBA. Tog is daar gevind dat ons die begroting met 5% moet opstoot vir 2009 en dus ook ons beursegelde. ‘n Beurs vir volgende jaar vir ‘n egpaar wat voltyds by ons studeer beloop nou R 17 000 (2 300 Amerikaanse Dollers) d.i. R1 420 per maand. Daar is ook besluit om Teologiese-beurse beskikbaar te stel vir studente wat nie aan ons kerk behoort nie. Dan beplan ons om ook beurse beskikbaar te stel vir buitemuurse studente wat die graad in Menslike Wetenskappe neem. ‘n Beurs vir ‘n buitemuurse student beloop slegs R5 700 per jaar, d.i. R475 per maand

Sal julle asb kennis neem van die nuwe beurs bedrae en betyds begin met julle begrotings? Ons maak staat op julle voortgesette ondersteuning.

DIE HUWELIKSBAAN

Die huweliksverrrykingskursus vir die finale jaars het weereens baie goed verloop en ondervang ‘n groot behoefte. Ons was veral bemoedig met die vrymoedigheid waarmee die vrouens vanjaar deelgeneem het. Hulle grootste probleme met hulle mans is: Hulle word soms skaars gegroet en word nie in kennis gestel waar die mans heengaan en hoe lank hulle gaan wegbly nie. Sommige is vriendeliker met ander vrouens as met hulle eie… Die mans kom nie altyd hulle huweliksplig te na nie en kla dat hulle te veel moet studeer en dan is daar nog die laat aandklasse… Daar is nie alyd “transparencia” wat die finansies betref nie – die mans wil alleen al die geldsake hanteer en doen selfs die aankope op die mark. Wel, alles is aangespreek en almal voel baie positief oor die kursus. Saterdagaand het hulle hul huweliksbeloftes herhaal in ‘n mooi seremonie. My preek oor: “Die man wat ek liefhet is myne en ek is syne…. Vang vir ons die klein jakkalsies wat die wingerde verniel…” (Hooglied 1), was glo in die kol.

Bid asb vir ons finalejaar studente en hulle huwelike – hulle is nou al in die peilvak van hulle verblyf hier by ons.

VOLTOOI DIE WEDLOOP

Aaron het gister ‘n goeie preek gehad by ons Beplanningsvergadering. Hy het dit gehad oor Paulus se skrywe in sy Tweede brief aan Timoteus: “Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou. Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in Sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen”

Sterkte met die oorwinningsrondte!

Kruger & Antoinette du Preez